

ONS

# DESIMALE GELDSTELSEL

EN DIE ONDERRIG DAARVAN

deur J. Small,

Onderwyskollege, Pretoria.

'N **S**TUDIE van die geldstelsels dwarsdeur die wêreld bewys dat die desimale geldstelsel in 145 lande gebruik word. Ons wil nie 'n lang historiese oorsig gee van die stryd wat gevoer is tot die verkryging van ons op hande synde desimale geldstelsel nie, maar slegs na 'n paar belangrike gebeurtenisse verwys.

In 1913 het mnr. E. C. Reynolds, algemene bestuurder van die Nasionale Bank van Suid-Afrika Beperk, in sy toespraak voor die Instituut van Bankiers in Suid-Afrika vir die invoering van 'n desimale geldstelsel vir Suid-Afrika gepleit. Hy het daarop gewys dat almal wat ervaring het van die desimale geldstelsels wat in die V.S.A. en op die vasteland van Europa gebruik word, nie anders kan as om die tydbesparing wat by berekening verkry word, op te merk en te waardeer nie. Hy het o.a. die volgende voordele genoem:

- (1) Dit sal die vermorsing van tyd, energie en verstandelike inspanning, wat by die huidige stelsel van £ s. d. vereis word, uitkakel, veral by sake-ondernemings.
- (2) Die werk van skoolkinders sal baie verminder. Die ekstra tyd wat nou aan omslagtige berekenings bestee word, kan aan ander vakke gewy word en veral aan die amptelike tale. Hy het daarop gewys dat die tydbesparing vergroot sou word indien die metrieke stelsel vir mate, gewigte en inhoud ook ingevoer word.
- (3) Die besparing van tyd en arbeid by boekhouwerk sal baie groot wees en dit alleen sal meer as genoeg vergoeding wees vir die tydelike ongerief en onkoste wat deur die oorskakeling veroorsaak sal word.

Dié argumente lê ten grondslag van die invoering van die desimale geldstelsel. Hy het geen aanduiding gegee van hoe die stelsel moet wees nie, maar slegs gepleit vir so 'n desimale stelsel. Hierdie toespraak van hom was van groot belang, want vroeg in 1917 het die Instituut van Bankiers in Londen 'n komitee benoem om die moontlikheid te ondersoek vir die invoering van 'n desimale geldstelsel en die metrieke stelsel vir mate en gewigte.

In sy verslag het dié komitee gesê dat die bestaande £ s. d. -geldstelsel en die stelsel vir mate en gewigte vir die Britse Ryk 'n struikelblok is, veral met betrekking tot die uitvoerhandel en die uitbreiding van die buitelandse handel. Die komitee het die pond sterling as basis beskou, omdat dit so algemeen bekend en aanvaarbaar is. Die voorstel was dat die £ in 1,000 mills verdeel moes word. Die muntstukke vir die kroon, halfkroon, trippens en koper muntstukke moes verval. Die Britse regering het egter nie sy weg oopgesien om die stelsel in te voer nie en die gulde kans het verbygegaan.

In 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitbreek en gedurende 1943-45 het Suid-Afrika se Raad van Handel en Nywerheid ons nywerhede met die oog op die na-oorlogse aanpassing ondersoek. Onder andere is aanbeveel dat die regering versoek word om in oorleg met die regerings van die Britse Gemenebes en die V.S.A. sowel 'n desimale geldstelsel as die metrieke stelsel vir mate en gewigte in te voer. In dieselfde jaar is die Becklake-komitee aangestel om te ondersoek watter veranderinge nodig sou wees om na so 'n desimale stelsel oor te skakel. Dié verslag was in 1948 beskikbaar, maar vanaf 1949 is die ondersoek voortgesit onder beskerming van die S.A. Buro vir Standaard wat sy verslag in 1954 ter tafel gelê het.

In 1956 is die Desimale Muntkommissie benoem om die onkoste van so 'n oorskakeling te bereken en die stelsel uit te werk. Die Kommissie se verslag is in 1958 beskikbaar gestel. In Desember van dieselfde jaar het die Minister van Finansies aangekondig dat die desimale geldstelsel ingevoer gaan word en gedurende 1959 is die nodige wetgewing in die Volksraad aangeneem. Die oorskakeling vind op 14 Februarie 1961 plaas wanneer die nuwe muntstukke en note in omloop sal kom.

Die desimale geldstelsel sal 'n seën wees vir die handel en die

nywerheid, maar nog 'n groter seën vir die skoolkind en onderwyser. Die onderrig van dié afdeling van rekene sal nou vlot om die volgende redes:

- (a) dit pas aan by ons getalstelsel wat op 'n basis van 10 gebou is;
- (b) dit sluit aan by die tiendelige breukstelsel en sal die inleiding vir die desimale breuke wees;
- (c) die optel, aftrek, vermenigvuldiging en deling verskil niks van wat die kind reeds geleer het nie.

Ons kan dus dankbaar wees dat ons nou 'n desimale geldstelsel gekry het en ons hoop maar dat die desimale stelsel vir mate, gewigte en inhoud spoedig sal volg.

## ONS NUWE GELDSTELSEL

By die oorweging van 'n geskikte desimale geldstelsel vir Suid-Afrika moes die kommissie en die owerheid in ag neem dat die oorskakeling met die minimum ontwrigting gepaard moes gaan en dat die bestaande muntstukke sover moontlik gebruik moes word.

Uiteindelik is besluit dat die grootte van die nuwe muntstukke gelyk aan die bestaande muntstukke van gelyke waardes behou moes word, sodat bv. parkeermeters en telefoontoestelle geen probleme sou oplewer nie en die veranderings so eenvoudig sou wees dat die deur alle bevolkingsgroepe begryp en aanvaar kon word. Die grootte en vorm is dus sover moontlik behou en slegs die ontwerp en die metaal van die sent- en halfsentstukke sal verander word. Op al die muntstukke word die Koningin se kop deur die kop van Jan van Riebeeck vervang.

In kort kom die stelsel hierop neer dat 1 Rand = 10 sjielings = 100 sent is en dat daar bepaalde muntstukke soos in die voorbeeld geslaan sal word. Van die goue 2 Rand en die Randstuk sal net 'n aantal vir versamelaars geslaan word, andersins sal note gebruik word.

Die een-Rand-noot sal presies soos ons teenswoordige 10s. -noot lyk, buiten dat die woorde „Tien Sjielings” daarop vervang sal word deur die woorde „Een Rand”. Die £1-banknoot sal twee Rand word wees en die woorde „Twee Rand” i.p.v. „Een Pond” daarop hê, terwyl die £5- en £10-banknote onderskeidelik R10 en R20 word sal wees en die woorde „Tien Rand” en „Twintig Rand” i.p.v. „Vyf Pond” en „Tien Pond” daarop sal hê.

Die waardes van ons nuwe munt is duidelik op elke keersy aangedui, maar name vir die muntstukke is nie deur die wet bepaal nie. Tradisie is 'n taai saak en daarom sal baie van die ou name behou word. Daar is egter sekere muntstukke waarvan die name nie meer sal pas nie bv. die kroon, die halfkroon (wat nie meer geslaan sal word nie), die sikspens, die trippens en die pennie. Die halfkroon (25c) word nie verder geslaan nie omdat dit vir die meeste mense baie moeilik is om dit van die 20c grootte te onderskei.

Waarskynlik sal die volgende terme behou word, soos hieronder genoem, omdat die mag van die gewoonte nie maklik gebreek word nie en dit by die bekende aansluit. Ek meen dan ook dat dit by die onderwys gebruik moet word om dit vir die toekoms te behou.

Muntstuk	Benaming	Skryfwyse
2 Rand	2-Rand	R2 = 200c
1 Rand	'n Rand (10 sjielings)	R1 = 100c
50 sent	5-sjielings of halfrand	50c of R0.50
20 sent	2-sjielings	20c of R0.20
10 sent	'n sjieling	10c of R0.10
5 sent	'n halfsjieling	5c of R0.05
2½ sent	'n tiekie	2½c of R0.02½
1 sent	'n sent	1c of R0.01
½ sent	'n halfsent	½c of R0.00½




MUNTSTUK NAAM SIMBOOL


$\frac{1}{2}c$	'n halfsent	$\frac{1}{2}c$
1c	'n sent	1c
$2\frac{1}{2}c$	tiekie	$2\frac{1}{2}c$
5c	vyfsent	5c
10c	sjieling	10c
20c	tweesjieling	20c
50c	vyfsjieling	50c

**RAND** rand 100c = R1


**TWEE RAND** twee rand 200c = R2




B



C




D



E

A




F



R2



1c



R1



Die wet het voorsiening gemaak vir 'n  $\frac{1}{4}$  sent, maar in Oktober 1959 is aangekondig dat dit nie geslaan sal word nie. Die simbool vir sent is 'n c ná die syfer(s) en vir die Rand die hoofletter R vóór die syfer(s). Die punt wat die Rand en sent skei, kan onder op die reël wees en dit kan ook 'n invloed op die skryfwyse van die gewone desimale punt hê. Die sent sal dieselfde grootte as die pennie hê, terwille van die baie klokmasjiene en weegskale. Die Wet op Desimale Munt bepaal dat Rand en sent net in die enkelvoud gebruik moet word bv. een sent; 10 sent; een Rand; 100 Rand.

Gewoonweg sal ons liewer 50c skryf as R0.50, maar liewer R3.20 as R3 en 20c. Dit is waarskynlik dat ons by advertensies die vorm 7<sup>85</sup> sal aantref vir R7.25.

### OORSKAKELING

Hoewel die nuwe stelsel op 14 Februarie 1961 ingevoer word, sal al ons huidige muntstukke in omloop bly en langs die nuwe gebruik word. Soos hierbo verduidelik, sal daar nie baie moeilikhede en ongerief veroorsaak word nie, want die silwerstukke is bekendes. Die pennies en halfpennies sal egter geleidelik verdwyn, namate meer en meer sake net op die Rand/sent-stelsel ingeskakel word. Die silwer geldstukke sal in omloop bly totdat hulle weens slytatie omtrek word.

Daar is 12 pennies in 'n sjieling en na 14 Februarie sal daar 10 sent in 'n sjieling wees. Dit is dus slegs die kopermuntstukke wat moeilikheid kan veroorsaak. Die pennie is in werklikheid gelyk aan  $\frac{1}{4}$  sent, maar vir alle *praktiese doeleindes* sal die volgende ekwivalente gebruik word:  $\frac{1}{4}d. = \frac{1}{4}c$  en  $\frac{1}{4}d. = \frac{1}{4}c$  en verder:

1d. = 1c	4d. = 3c	7d. = 6c	10d. = 8c
2d. = 2c	5d. = 4c	8d. = 7c	11d. = 9c
3d. = <span style="border: 1px solid black; padding: 2px;">2½c</span>	6d. = <span style="border: 1px solid black; padding: 2px;">5c</span>	9d. = <span style="border: 1px solid black; padding: 2px;">7½c</span>	12d. = <span style="border: 1px solid black; padding: 2px;">10c</span>

Pennies kan slegs in meervoude van 3d. vir sent omgeruil word soos in die blokkies aangedui, en by banke slegs in meervoude van 6d.

Die omrekening van £ s. d. na die desimale stelsel is baie eenvoudig en maklik en kan met 'n bietjie oefening gou gedoen word deur as volg te werk te gaan:

- (1) Reken die ponde en sjielings na sjielings om en plaas die punt voor die laaste syfer, bv. £3 8s. = 68s. = R6.8;
- (2) Reken die pennies volgens die skaal hierbo na sent om en plaas dit as die tweede desimale syfer, bv. £3 19s. 9d. = R7.97½; £5 13s. 6d. = R11.35; £2 9s. 3d. = R4.92½ ens.

Hierdie soort omrekening sal van groot belang in die handel wees. Hoewel rekenings by winkels wat vir 'n tydperk ná 14 Februarie 1961 nog in £ s. d. sal handel, in daardie munt bepaal sal kan word, sal sulke rekenings in die reël waarskynlik ook die Rand/sent-totaal aangee vir diegene wat per tjek wil betaal en dus van Rand/sent gebruik moet maak.

### ONDERWYSBENADERING

Alle rekenonderwys moet ooreenstem met die eise wat die lewe aan die mens stel—insig en deeglikheid—en daarom is die leuse: *Die doel is nie 'n goed gevulde hoof nie, maar 'n goed gevormde hoof en hart.*

### ALGEMENE RIGLYNE

Hierby aansluitend kan ons die volgende riglyne stel:

- (a) Die kind moet die dinge op 'n natuurlike manier leer soos die voorgeslagte ontwikkel het, nl.:
  - (i) Deur beleving en hantering van die werklike geldstukke moet die kind dit leer ken, moet die begrippe en insigte verkry word en moet die begrippe en insigte eers mondelings gehanteer word om taalbeheersing en vaardigheid te verkry.
  - (ii) Nadat die muntstukke geken en herken en mondelings hanteer kan word, kom die leeskenning en eers daarna die skryfvaardigheid.

- (b) Die kinderlike denke moet geaktiveer word deur die dinge soos dit in die lewe voorkom. Dit wek en hou belangstelling. Die wagwoord is „Gee ag”. Dit beteken vir die onderwyser: let op, kyk uit, dink na, gee rekenskap, wees altyd bewus daarvan dat die kind geen masjiene of papagaai is nie. Daarom geen masjienele gewerskap nie; geen meganiese gedreie sonder insig nie; geen meganisering en napatery nie. Alle rekene is sinvol juis in verband met die feit dat die kinders daardeur 'n begrip verwerf van die geordenheid van die onderskeie verbande in die lewe.

- (c) Vaardigheid in die gebruik van die verworwe begrippe moet deur mondelinge oefening en later eers deur skriftelike oefening verkry word. Meganiese werk sonder insig moet vermy word, want dit verduister die kinderlike denke en dood die belangstelling. Hoofrekeninge moet 'n baie belangrike plek inneem—dit gee insig en vaardigheid.

- (d) Rekenonderwys moet op die praktyk gerig wees, dan sal die sogenaamde denksomme vereenvoudig word en selfwerkzaamheid aangewakker en bevorder word.

- (e) By die hoeveelheid en aard van die rekenstof moet met die aanleg en ryping van die kind rekening gehou word; dit moet aansluit by die omgewing en ontwikkelingstrap van die kind.

Daar is altyd die vier metodes waarvolgens die kind se redenasie gaan, nl:

- (i) Vanaf die beleving (aanskoulike) deur ordening na die abstrakte simbole.
- (ii) Vanaf die bekende na die onbekende.
- (iii) Vanaf die eenvoudige en maklike na die moeilike en ingewikkelde.
- (iv) Vanaf die geheel na die onderdele en terug na 'n beter begrip van die geheel.

### AANVANGSONDERWYS

Die vyf- en sesjarige kind is nog nie rekenryp nie, maar meeste van hulle is telryp en ryp om sekere geldstukke te hanteer. Voordat die kind formele rekene kan doen, moet hy eers:

- (a) Deur tel die aantal van 'n hoeveelheid kan bepaal. Die tellery word aangewend om ervaring op te doen, maar elkeen doen die ervaring op sy eie manier op volgens aanleg, vorige ervaring, geskooldeheid en ryping. Die kleuter belewe dinge deur sy visuele, akoestiese, en motoriese eienskappe in 'n totaliteit. Die beginsel is hier altyd van die konkreet aanskoulike na die abstrakte (simbole) en daarom word die telvorme (verskuiwing, aanraking, aanwysing, oogbeweging, tas, gehoor, beweging, denkbeeldig) agtereenvolgens toegepas, maar ook altyd volgens die telfases (hantering van die werklike muntstukke [voorwerpe], konkrete simbole, afbeeldings en grafiese simbole). Later werk die kind met al die telvorme en telfases deurmekaar.
  - (b) Deur denke die getal (abstrakte) vanuit die konkreet situasie abstraheer. (Dit kan baie van die vyf- en sesjariges nie doen nie).
  - (c) Met hierdie getalle leer werk op die wyse wat die mense in die verlede uitgevind het, d.w.s. deur beleving en mondelings hantering van die begrippe en later die lees en skryf van die begrippe (verwys na 1(a) hierbo).
  - (d) Leer om te bepaal watter bewerking in die gegewe situasie vereis word, d.i. om deur denke en redenasie die keuse te doen.
  - (e) Die ontdekking weer in ander konkreet situasies in te voeg waardeur dit later georden word, d.i. hanteerbaarder word.
- Solank die ontleding nog so onvolkome is dat die getal aspek van die situasie nog nie van die totaliteit geabstraheer is nie, is die kind nog nie rekenryp nie, en moet formele rekene vermy word.

### STAPPE BY ONTWIKKELING

#### (a) Kenning en herkenning

Met verwysing na 1 (a) en 2 (a) hierbo is dit duidelik dat die kind eers met die werklike muntstukke in aanraking moet

kom en moet hanteer, want slegs deur hantering van die werklike kan die werklike geleer word. By die einde van standaard I behoort die kinders al die muntstukke te ken, as volg geleer:

Graad I: Die sent, die tiekies (2½c), die vyfsentstuk (5c) en die sjieling (10c).

Graad II: kom by: ½ sent, tweesjielingstuk (20c).

St. I: kom by: die vyfsjielingstuk (50c) en die Rand (100c).

- (i) Dit is daarom nodig dat die kinders die werklike muntstukke sal hanteer om die grootte, metaal, gewig, kleur, klank en die name te leer ken. Met die hantering moet ook die koopwaarde leer ken word sowel as die verhoudings bv. 'n mens kry 4 tiekies vir 'n sjieling, 10 sent vir 'n sjieling, ens., ens. So word belangstelling gewek en gehou en die kinderdenke geaktiveer. As belangstelling so gewek word, sal pa en ma by die huis moet saamspeel en op dié wyse sal die muntstukke meer gehanteer word. Die winkelspel kan ook ingevoer word. Daar is nou plastiese geldstukke wat as konkrete simbole gebruik kan word. Nou moet die skryfwyse ook geleer word, sodat pryse by die winkelspel aangedui kan word.

Die kinders moet altyd geleer word om met die kleinste aantal muntstukke te betaal.

**Afbeelding:** Dit is noodsaaklik dat die kinders ook gewoon raak aan die afbeeldings van die muntstukke. Die onderwyseres moet 'n goeie muurkaart maak, sodat die kinders die muntstuk met naam en skryfwyse kan assosieer. (Kyk na afb. A op bladsy 33.)

Die volgende hulpmiddels kan gebruik word om die leesvaardigheid was te lê en te toets.

**I. Werkkaarte vir individuele werk.** Kaarte van so 7" x 12". Aan die linkerkant word die bedrae aangegee en aan die regterkant plaas die kind die kartongeldstukke wat die bedrag voorstel. Nadat die korrektheid bevestig is, trek die kind die buitelyne van elke muntstuk af in sy werkboek en skryf die waarde daar binne-in. (So leer hulle die skryfworm aan en word bytelling ingelei) (Kyk na afb. B op bladsy 33)

**II. Seëlkaarte.** Die onderwyseres plak gebruikte seëls van verskillende waardes op kaarte aan die linkerkant (eers twee seëls, later drie en vier, namate die kind bedrae hoofdelik bymekaar kan tel) en die kind betaal deur muntstukke langsaan te plaas en bedrag meer te skryf, (Kyk na afb. C op bladsy 33)

In die plek van seëls kan ou buskaartjies gebruik word om die koste van 'n reis te bepaal. Die totale bedrag moet bepaal en meergeskryf word.

**III. Pryskaartjies.** Op dieselfde wyse soos hierbo met seëls en buskaartjies knip die onderwyseres prentjies van speelgoed uit koerante en katalogusse en plak dit op kaarte met die prys daarby, en kinders betaal deur die nodige muntstukke langsaan te plaas. (Kyk na afb. D op bladsy 33)

Die kaarte kan vergroot word waar 'n paar artikels onder mekaar geplaas word. Dan moet die totale koste bereken word. Dit gee aanleiding tot die formele optelsomme.

Op dieselfde manier kan die kaarte uitgebrei word waar daar twee ruimtes langsaan is: in die een word 'n tekening van die muntstuk wat vir betaling aangebied word, geplaas en naasaan moet die kind die kleingeld plaas.

**IV. Geldkaarte.** Nou ken die kind die muntstukke en skryfwyse en moet hy die totale waarde van 'n aantal muntstukke bepaal en in die bepaalde ruimte neerskryf. Die onderwyser stel 'n hele aantal kaarte op wat deur kinders om die beurt gebruik kan word. (Kyk na afb. E op bladsy 33)

Op hierdie aanskoulike manier kan die werk voortgaan tot by St. III. bv. om 'n aantal van dieselfde soort artikels te koop waar ver-

menigvuldigingsbegrippe bykom. So word die spaarboek-inlegstrokies, onttrekkingsvorms en spaarbank-boekie behandel en nog later, die wyse waarop tjeks uitgeskryf word.

(b) **Eweredigheidsdele en gelykwaardigheid.** Dit is ook wenslik dat die onderwyser goeie muurkaarte maak waar die eweredigheidsdele duidelik aangetoon word, soos afb. F op bladsy 33.

Dit is ook nodig om die eweredigheidsdele as breuke uit te druk en daarvoor is die volgende soort muurkaarte nodig:

10c			
5c		5c	
2½c	2½c	2½c	2½c

$$5c = \frac{1}{2} \text{ van } 10c; \quad 2\frac{1}{2}c = \frac{1}{4} \text{ van } 10c$$

(c) **Optel en aftrek**

In die grade behoort hierdie werk hoofdelik en mondelings gedoen te word, terwyl die kleuters die gewone optel en aftrek leer, maar in St. I en veral St. II moet baie aandag aan formele optel- en aftreksomme met geld bestee word. In St. I moet daar tot 'n maksimum van 100c, wat gelyk aan 'n Rand is, gegaan word. By hierdie afdeling van die werk is advertensies van onskatbare waarde om die belangstelling te wek en die kinderdenke te aktiveer.

Alle werk hier is soortgelyk aan gewone optelsomme.

By die ontwikkeling word die volgende stappe aanbeveel:

**Stap I. Slegs sent word opgetel,** soos die volgende voorbeelde aandui:

St. I		St. II		St. III	
c	c	93	22½	9½	
22	59	28	34	94	
35	38	56	36	43½	
—	—	—	—	67	
57	97	177c	92½	—	
sonder	met	= R1 77c		214	
oordrag	oordrag			= R2 14c	

**Stap II. Optel van Rand en sent.** Die volgende wyse van uiteensetting word in St. II aanbeveel:

R		c		OF beter		R		c	
8	32			8	32				
9	51			9	51				
13	48			13	48				
31	31			31	31				

**Stap III. Optel in desimale vorm.** Plaas R liefers voor syfers (St. III).

R5.25	R93.46
12.95	1.17½
1.53	14.57½
6.91	2.32½
<hr/>	<hr/>
R26.64	R111.53½

(Vervolg op bladsy 96)

(Vervolg van bladsy 35)

**AFTREK**

Baie mondelinge werk moet in die grade gedoen word voordat die formele en skriftelike werk in St. I aangepak word. Die volgende stappe word aanbeveel:

**Stap 1. Slegs sent word afgetrek, soos die volgende voorbeelde aandui:**

St. I			St. II		St. III	
c	c	c	c	c	c	c
69	73	87	100	156	60	87½
46	40	29	87	139	27½	39
—	—	—	—	—	—	—
23	33	58	13	17	32½	48½
—	—	—	—	—	—	—

**Stap 2. Aftrek van Rand en sent.**

Die uiteensetting in St. II kan as volg aangepak word:—

R	c	R	c	R	c
5	1	1			
6	58	6	58	6	58
2	89	2	89	2	89
—	—	1		—	—
3	69	3	69	3	69
—	—	—	—	—	—

**Stap 3. Die aftrek van bedrae in desimale vorm in St. III.**

R10.00	R9.08½
3.75	4.79
—	—
R6.25	R4.29½
—	—

**VERMENIGVULDIGING EN DELING**

In die grade en St. I word slegs mondelinge werk gedoen. St. II kan vermenigvuldiging gedoen word, waar vermenigvuldiging slegs een syfer is bv.

62	36
3	6
—	—
186 = R1.86	216 = R2.16
—	—
St. III	St. IV
R13.16	R6.43 of R6.43
7	23
—	—
R92.12	19.29
—	128.6
—	—
—	R147.89
—	—
—	R147.89

Die deling is net so eenvoudig. Ons begin in St. III met die deling bv.

R c	OF in sente	
5   22.25		5   2225
—		—
R4.45		445
—		—

Die vier hoofbewerkings is net so eenvoudig as die gewone hoofbewerkings en die hoofbewerkings by die tiendelige stelsels.

**DECIMAL COINAGE**

*English Summary*

**D**ECIMAL monetary systems are found in 145 countries.

As far as South Africa is concerned, the first move towards decimalization was made in 1913 when Mr. E. C. Reynolds, general manager of the National Bank of South Africa, recommended it to the Institute of Bankers in South Africa. He said that among its advantages were: (1) a saving of time, energy, and thought, especially in business, (2) a saving of time at school, and (3) a saving of time and labour in book-keeping. These arguments are basic to the introduction of decimalization.

Mr. Reynolds's recommendations were important enough for the Institute of Bankers in London to appoint a committee (in 1917) to examine the question.

The committee reported that the existing system for money, weights, and measures was a handicap for the British Empire, especially for the export trade. It recommended retention of the pound sterling, but with a division into 1,000 mills, coins such as crowns, threepences, and pennies going. The Government did not accept the recommendations.

During World War II the South African Board of Trade and Industry examined South African industry with a view to post-war adjustments. It recommended decimalization of the currency and a metric system of weights and measures to be introduced in consultation with the Commonwealth and the United States. The Becklake Commission was also appointed to investigate the practical details of making the change. From 1949 the work was continued under the auspices of the South African Bureau of Standards, a report being tabled in 1954.

In 1956 the Decimal Coinage Commission was appointed, reporting in 1958, when the Minister of Finance announced that legislation to this end would be introduced in 1959. The change-over will take place on 14 February 1961.

To prevent dislocation, it was decided that the new coins would

have to have values equivalent to the present coins, so that the new system would be easily comprehensible to all and such machines as parking-meters and telephone call-boxes could remain unaltered. Sizes and shapes therefore remain the same.

In short, 1 Rand = 10 shillings = 100 cent.

The 1-Rand note will look like the 10s. note, bearing the words 'One Rand' instead of 'Ten Shillings'. Other bank-notes will correspond in a similar manner.

The values of the new coins are clearly shown on both sides of them, but the law does not give them names, for tradition is hard. Half-crowns, however, will no longer be minted. The new names will probably be Rand, half-Rand, two shillings, shilling, half-shilling, tickey, cent, and half-cent.

Rand and cent will be used in the singular only, e.g., one cent, 10 cent, one Rand, 100 Rand.

Although the new system will be introduced on 14 February 1961 the present coins will remain in circulation together with the new Pennies and halfpennies will gradually be withdrawn.

From that date the shilling will contain 10 cents, so it will cease to be the copper coins that will cause difficulty. A penny is really worth 5/6 cent, but for practical purposes the following equivalent will apply: ½d. = ¼c., and ¼d. = ½c. Further, 1d. = 1c., 2d. = 2c.

3d. = 2½c.	4d. = 3c.,	5d. = 4c.,	6d. = 5c.	7d. = 6c.
8d. = 7c.,	9d. = 7½c.	10d. = 8c.,	11d. = 9c.,	12d. = 10c.

The general line of education in schools will be to teach the child in a natural manner, letting him handle the actual coins, learning the sound of the words, then reading them, and finally writing them.

Arithmetic must agree with the facts of life, and therefore the watchword is: 'The aim is not a filled head but a well-formed head and heart.'